
CITY OF CAPE TOWN
ISIXEKO SASEKAPA
STAD KAAPSTAD




# SAMEVATTENDE GIDS VIR DIE INSTALLASIE EN GEBRUIK VAN ALTERNATIEWE WATERSTELSELS IN KAAPSTAD

Hierdie boekie bied jou 'n samevattende gids vir die veilige installasie en aansluiting van alternatiewe waterstelsels en gebruik van alternatiewe water. Sien die volledige weergawe van die riglyne vir meer inligting.

**Maak vooruitgang moontlik. Tesame.**



# INHOUD

04 Inleiding

06 Aansoek om alternatiewe water te gebruik en stelsels te installeer

08 Veilige gebruik van alternatiewe water

# INLEIDING

**Die verantwoordelike gebruik van alternatiewe waterbronne help om die hoeveelheid munisipale water wat uit ons damme onttrek word, te verminder, veral wanneer daar 'n droogte is. Alternatiewe water maak ook deel uit van die Stad se waterveerkragtigheidsveldtog aangesien ons nie met sekerheid kan sê hoeveel reën ons in die toekoms te wagte kan wees nie. Daar is egter belangrike regulasies waarvan jy kennis moet neem.**

Alternatiewe water kan patogene, bakterieë en skadelike stowwe bevat wat munisipale water van drinkbare gehalte kan besoedel as dit daarmee in kontak kom. As jy nie die regte maatreëls instel nie, kan jy die water op jou eiendom en ook die munisipale watertoevoer in jou gebied besoedel. Alternatiewe water kan ernstige risiko's vir mense se gesondheid en die omgewing inhou, wat vermy moet word.

Hierdie boekie bied jou samevattende inligting oor die veilige installasie van alternatiewe waterstelsels vir besproeiing of waar dit deel uitmaak van 'n gebou se waterpypleiding, en die gevolglike gebruik van die water wat opgevang/onttrek word. Vir die volledige riglyne vir die installasie van alternatiewe waterstelsels, besoek **http://cct.gov.za/AIBNI**.


Let asseblief daarop dat jy volle verantwoordelikheid dra vir alle nagevolge van die gebruik van enige water wat nie van 'n drinkbare gehalte, soos verskaf deur die Stad Kaapstad (die Stad), is nie.

# AANSOEK OM ALTERNATIEWE WATER TE GEBRUIK EN STELSELS TE INSTALLEER

Volgens nasionale wetgewing en die Stad se Waterverordening moet jy goedkeuring by die Stad en/of die nasionale departement van water en sanitasie (DWS) kry as jy alternatiewe water wil gebruik en/of 'n alternatiewe waterstelsel wil installeer. Goedkeuring is veral nodig vir dié stelsels wat bedoel is om aan 'n waterinstallasie gekoppel te word, en wat die risiko skep dat alternatiewe water in die Stad se watervoorsieningsnetwerk kan inloop.

Die tabel op die volgende bladsy som die goedkeuring, magtiging en lisensiëring op wat vir verskillende bronne van alternatiewe water benodig word.

**LW:** As 'n alternatiewe waterstelsel geïnstalleer word, **moet jy 'n aansoek indien en 'n sertifikaat van goedkeuring by 'n geregistreerde loodgieter kry**. Om 'n loodgieter op te spoor wat by die Stad geregistreer is, besoek www.capetown.gov.za/thinkwater.



| ALTERNATIEWE WATERBRON | VAN NASIONALE DWS | VAN DIE STAD KAAPSTAD |
| --- | --- | --- |
| **Reënwater** | N.v.t. | • Goedkeuring vir installasie |
| **Grondwater** | Vir meer as "redelike" huishoudelike gebruik soos beskryf in bylae 1 geld algemene magtiging of 'n watergebruiklisensie | • Registrasie van boorgate/ putte ("wellpoints")<br>• Goedkeuring vir installasie |
| **Kelderwater** | Vir groter gebruik as dit wat in bylae 1 toegelaat word, geld algemene magtiging of 'n watergebruiklisensie | • Goedkeuring vir installasie |
| **Oppervlakwater** | Vir groter gebruik as dit wat in bylae 1 toegelaat word, geld algemene magtiging of 'n watergebruiklisensie | • Toestemming om stormwater te onttrek<br>• Goedkeuring vir installasie |
| **Gryswater** | N.v.t. | • Goedkeuring vir installasie |
| **Behandelde uitvloeiwater van die Stad** | Registrasie as 'n watergebruiker | • Goedkeuring vir installasie |


# VEILIGE GEBRUIK VAN ALTERNATIEWE WATER

Dis noodsaaklik om voorsorgmaatreëls te tref wanneer jy 'n alternatiewe waterstelsel in 'n gebou installeer of vir besproeiing gebruik, en ook so by sportvelde, speelparke, ens.

**Installeer 'n terugslagklep ("backflow preventer valve") vir 'n laerdruksone ("reduced pressure zone" of RPZ)** (of 'n "lugleegte"-tenk) sodat die munisipale drinkwatertoevoer na jou gebied nie besoedel kan word nie.

**Die gehalte van 'n alternatiewe waterbron en hoe dit gestoor en bestuur word, is bepalend vir waar/hoe dit gebruik kan word.** Laat jou alternatiewe water eers by 'n SANAS-geakkrediteerde laboratorium toets, en vergelyk die resultate met die nasionale riglyne vir watergehalte wat in 1996 uitgereik is. Dit moet dalk behandel word.

**Alternatiewe water kan gebruik word om toilette te spoel en vir 'n paar ander gebruike, mits die nodige toestemming verleen is en dit van die verlangde gehalte is**. Weens die potensiële gesondheidsrisiko's wat dit inhou, word jy egter **nie** toegelaat om alternatiewe water te drink of dit vir ablusiedoeleindes (om jou liggaam te was) en vir kookdoeleindes (of voedselvoorbereiding) te gebruik nie. Die enigste uitsonderings in hierdie verband is 'n paar verbruikers wat 'n kontrak met die Stad het om volgens streng kriteria en voorwaardes as waterdienstussengangers te werk.



**Gebruikte alternatiewe water of enige uitvloeiwater moet na die regte plek vloei.** Enige water of oorloop vanuit jou alternatiewe waterstelsel wat skadelike chemikalieë of stowwe bevat, moet na die rioleringstelsel vloei vir behandeling/neutralisering by die Stad se afvalwaterbehandelingsaanlegte, op voorwaarde dat dit aan die voorgeskrewe beperkings voldoen soos bepaal in die Stad se Verordening op Afvalwater en Nywerheidsuitvloeisel. Die oorloop van tenks wat onbehandelde reënwater bevat, moet na stormwaterdreine vloei.





**Plaas "Moenie drink nie"-waarskuwings** by die eiendom se hoofdeurgang (d.w.s. by die toegangshek) en punt(e) waar water gebruik word. Alle pype wat in die alternatiewe waterstelsel gebruik word, moet ook volgens kleur gekodeer word. (Sien die volledige riglyndokumente vir die vereiste kleure.)

Op bladsy 10 word 'n voorbeeld van 'n reënwaterstelsel vir binnenshuise en buitenshuise gebruik geïllustreer en verduidelik. Let asseblief daarop dat die stelsels volgens die soort alternatiewe water wat gebruik word (reënwater, oppervlakwater, ens.) sal verskil. Dit is maar net 'n enkele voorbeeld.

# REËNWATER VIR BUITENSHUISE GEBRUIK EN OM TOILETTE TE SPOEL

Hieronder word ŉ voorbeeld van ŉ reënwaterstelsel vir binnenshuise en buitenshuise gebruik geïllustreer en verduidelik. Let asseblief daarop dat die stelsels volgens die soort alternatiewe water wat gebruik word (reënwater, oppervlakwater, ens.) sal verskil. Dit is maar net ŉ enkele voorbeeld.



1. Munisipale drinkwatertoevoer na ’n eiendom waarop ’n RPZ-terugslagklep aangebring is (verpligtend). Dié klep moet onmiddellik stroomaf van die private stopkraan, bogronds binne die eiendomsgrens, en ooreenkomstig SANS 10252-1:2016 (uitgawe 3.1) geïnstalleer word. Sien die tegniese tekening/skets in bylae 4 by die volledige riglyndokumente.
2. Reënwater wat via geute na ’n opgaartenk gekanaliseer word.
3. Opdrifsels word met behulp van ’n afgeskuinste rooster weggekeer.
4. Reënwater om die swembad vol te maak of vir ander buitenshuise gebruik; in hierdie geval direk vanaf die geute deur van swaartekragvloei gebruik te maak, byvoorbeeld deur middel van buigsame plastiekbuise (“plastic sleeves”).
5. Reënwater word in ’n opgaartenk opgevang. Tenks kan bo of onder die grond geplaas word en gelig word as dit op ’n sterk genoeg basis (bv. beton) geplaas word. Neem die volgende in ag: SANS 10252-1:2016 (uitgawe 3.1) vir wateropgaartenks, SANS 2001-CC2 as jy ’n betonbasis gaan bou, die Wet op Nasionale Bouregulasies en Boustandaarde, Wet 103 van 1977, asook die vervaardiger se spesifikasies. Enige tenk wat ondergronds (onder die oppervlak) geïnstalleer word, moet ook ten minste 1 m van die grensmuur af wees.
6. Opgaartenk se oorloop na stormwater. As reënwater met enige chemikalieë behandel word, moet die oorloop in die riool afgevoer word.
7. Reënwater vir drup-/ondergrondse besproeiing onder ’n dik deklaag, om voertuie te was en/of harde oppervlakke skoon te maak.
8. Reënwater om die swembad vol te maak. Swembadbedekking moet in plek wees indien die waterbeperkings op die betrokke tydstip dit vereis.
9. Reënwater om toilette te spoel.
10. Amptelike, weerbestande kennisgewings moet by die hoofdeurgang (ingang) en gebruikspunte aangebring word om mense te waarsku dat reënwater nie vir drink-, kook- of ablusiedoeleindes gebruik moet word nie.
11. Munisipale watertoevoer na die spoelbak moet afgesluit word wanneer reënwater gebruik word. Dit kan seisoenaal gedurende die winterreënmaande afgesluit word, of permanent indien daar genoeg stoorplek is.
12. As die installasie ’n kraan insluit wat mense dalk sal wil gebruik of by drink of waarmee hulle kan mors, sluit dit eerder of maak dit 'n “aanvraag”-kraan.
13. Installeer ’n private stopkraan agter die grensmuur en voor die RPZ-terugslagklep.

# DINK WATER
## GEE MEER OM. SPAAR BAIE.

**Vir water- en sanitasieverwante probleme kontak die Stad deur enigeen van hierdie kanale:**

- Aanlyn by **www.capetown.gov.za/servicerequests**
- E-pos **water@capetown.gov.za**
- SMS **31373** (maksimum 160 karakters)
- Bel **0860 103 089**
- B esoek ŉ kliënte-interaksiesentrum – vir die volledige lys, sien **www.capetown.gov.za/facilities**

Kies en hou by een van hierdie kanale vir ŉ vinniger antwoord, en sorg altyd dat jy ŉ verwysingsnommer kry.

CITY OF CAPE TOWN
ISIXEKO SASEKAPA
STAD KAAPSTAD

Maak vooruitgang moontlik. Tesame.